

Skoolbeleid / School Policy

Opvoeding deur die Hoof, Hart en Hand
Blommend die toekoms in

Educating Heads, Hearts & Hands
Blossoming towards the future

INLEIDING

La Rochelle Hoër Meisieskool is 'n dubbelmediumskool wat in 1860 op 'n unieke terrein in die skilderagtige Paarl tot stand gekom het, in die hartjie van die Wes-Kaap. Die skool vier in 2010 sy 150ste bestaansjaar.

La Rochelle is gestig om uniek en anders te wees. Die naam La Rochelle beteken letterlik "die klein rots" en verwys na een van die kasteelstede van die Franse Huguenote. Soos die onbeweeglike Paarlrots van Paarlberg is die skool gebou op die "rots" van waardes, gesonde tradisies, 'n oop en inklusiewe kultuur, diversiteit en balans.

Die skool het 'n trotse akademiese rekord. Leerders word uitgedaag om voortdurend hul horisonne te verbreed en hul volle potensiaal te verwesenlik. Dit word van leerders verwag om toegewyd te studeer, maar ook aan 'n verskeidenheid skoolaktiwiteite deel te neem in 'n veilige, geborge en deernisvolle omgewing. 'n Wye vakkeuse en buigsame vakkombinasies verhoog die studiegeleenthede en individuele ontwikkeling van leerders.

In 'n voortdurend veranderende omgewing, waarin verandering die enigste konstante is, verlaat 'n standhoudende stroom gebalanseerde jong vroue die Hoër Meisieskool La Rochelle, toegerus om 'n verskil op alle lewensterreine te maak, gereed vir die vereistes van verdere opleiding, voorberei om 'n loopbaan van hul keuse te volg en bemagtig om 'n betekenisvolle verskil in die gemeenskappe te maak waarin hulle hul in die toekoms sal bevind.

1. Samevatting

Die voortdurend veranderende opvoedkundige en beleidsomgewing waarbinne hedendaagse skole funksioneer, noodsaak die **HOËR MEISIESKOO LA ROCHELLE** om al meer selfonderhoudend te raak wat die versterking van akademiese uitmuntendheid betref, asook wat betref die instandhouding en verbetering van die skool se bestaande infrastruktuur en toerusting ter ondersteuning van akademiese leer wat gepaardgaan met persoonlike, kulturele, sosiale en sportontwikkeling. Dit plaas ontsaglike druk op 'n steeds stygende jaarlikse bedryfsbegroting en die bekostigbaarheid van onderrig- en koshuisfooistrukture in 'n sosio-ekonomiese omgewing waar diversiteit, transformasie en gemeenskapsdiens proaktief en sensitief die hoof gebied moet word.

PREAMBLE

La Rochelle Girls' High School is a dual medium girls' high school established in 1860 on unique premises in the picturesque town of Paarl, in the heartland of the Western Cape. The school will celebrate its 150th anniversary in 2010.

La Rochelle was created to be unique and different. The name literally means "the small rock" and is a reference to one of the fort cities of the French Huguenots. Like the unmoving rock of Paarl Mountain, the school is founded on the "rocks" of values, sound traditions, an open and inclusive culture, diversity and balance.

It has a proud and exemplary academic record. Learners are developed and challenged to continuously widen their horizons and realise their potential. It is expected of learners to work diligently and to participate widely in school activities in a safe, secure and caring environment. A wide subject choice and flexible subject combinations enhance learning opportunities and individual development.

In an ever changing environment, where change is the only constant, La Rochelle Girls' High School continues to deliver a consistent stream of balanced young ladies with excellence and capability imbedded in their heads, hearts and hands to make a difference in all spheres of life, ready and well equipped for the demands of further education, to enter a career of her choice and to empower them to make a meaningful difference in the communities they came from and go to in the future.

1. Executive Summary

An ever changing educational and policy environment within which modern schools operate, compels **LA ROCHELLE GIRLS' HIGH SCHOOL** to become more and more self sufficient in terms of augmenting academic excellence, as well as maintaining and enhancing its existing infrastructure and equipment to support academic learning in sync with personal, cultural, social and sporting development. This places immense pressure on an ever increasing annual operating budget and the affordability of tuition and hostel fee structures in a socio-economic environment where diversity, transformation and community service needs to be addressed pro-actively and sensitively.

Dit is dus gebiedend noodsaaklik vir instellings soos skole om 'n duidelike strategiese raamwerk op te stel waarvolgens die nodige menslike kapasiteit en hulpbronne gelok, in stand gehou en ontwikkel sal word om te verseker dat genoemde oogmerke proaktief, realisties en gekoördineerd bestuur word.

Hierdie dokument sit die oogmerke en fokusareas uiteen waarvolgens HMS La Rochelle die skool se visie en doelstellings in ons veranderende omgewing wil bereik. Duidelike oogmerke hou verband met:

- i) Bevordering en verbetering van die hoë akademiese verwagtinge en die sukseskultuur wat tot op hede met prestasies vereenselwig is;
- ii) Bevordering van ondersteunende sosiale en persoonlike dimensies om die ewewigtige ontwikkeling van individue te verseker;
- iii) Goë instandhouding en uitbreiding van fasiliteite (infrastruktuur en toerusting);
- iv) 'n Duidelike kommunikasiestrategie teenoor interne en eksterne belanghebbendes; en
- v) Gesonde en volhoubare finansiële bestuur en dissipline.

Gegewe die huidige terrein asook die infrastruktuur van die skool en koshuis, is ons van mening dat die huidige leerdertal gehandhaaf moet word. Dit sorg vir 'n benadering wat gehalte bo getalle stel vir die werwing en behoud van onderwysers en leerders met 'n geskikte profiel om op die prestasies van die verlede te verbeter en daarop voort te bou.

Die finansiële bestuur van die skool en koshuis is op ferm en volhoubare befondsingsbeginsels en beheermaatreëls gegrondves. Huidige befondsing en ekonomiese realiteite vereis dat bedryfsbegrotings konserwatief benader word, terwyl nuwe projekte op 'n ad hoc-basis afgehandel word, soos en wanneer befondsing beskikbaar word.

2. Visie

Om waardegedrewe jong vroue te bemagtig om eienaarskap van hul toekoms te neem.

Om vas te hou aan die Christelike waardes soos opgesluit in die naam **LA ROCHELLE**:

- L – Liefde
- A – Aanvaarding
- R – Respek

3. Waardes

Benewens die Christelike waardes (**liefde, aanvaarding en respek**) wat in die naam LAR opgesluit is, vorm die onderstaande waardes 'n wesentlike deel van die skool se etos en ons verbintenis daartoe om op die erfenis van die afgelope 158 jaar voort te bou:

Therefore, it is imperative for such organisations to establish a clear strategic framework to ensure that the required human capacity and resources are attracted, sustained and developed to ensure that these objectives are managed in a pro-active, realistic and coordinated manner.

This document sets out the objectives and focus areas of La Rochelle Girls' High School to achieve its vision and goals in this changing environment. Clear objectives relate to:

- i) Enhance and improve high academic expectations and the success culture associated with achievements to date;
- ii) Enhance supporting social and personal dimensions to ensure balanced development of individuals;
- iii) Well maintained and expanded facilities (infrastructure and equipment);
- iv) A clear communication strategy with internal and external stakeholders; and
- v) Sound and sustainable financial management and discipline.

Given its current premises as well as school and hostel infrastructure, it is believed that the current learner numbers should be maintained. This provides for a qualitative, rather than a quantitative approach in attracting and maintaining teachers and learners with an appropriate profile to augment and build on achievements to date.

Firm and sustainable funding principles and controls underpin the financial management of the school and hostel. Current funding and economic realities require that operational budgets are approached conservatively, whilst new projects are dealt with on project-project basis, as and when funding materialises.

2. Vision

To empower value-driven women to own their futures.

To adhere to the Christian values as embraced by the name **LA ROCHELLE**:

- L - Love
- A – Acceptance
- R - Respect

3. Values

In addition to the Christian values (**Love, Acceptance and Respect**) embraced by the name LAR, the following values are central to the ethos and commitment of the school to build on the legacy of the past 158 years:

- i) Integriteit
- ii) Eerlikheid
- iii) Balans (tussen akademie, sport en kultuur)
- iv) Innoveringsgesindheid
- v) Dinamiek
- vi) Aanvaarding van diversiteit
- vii) Dissipline

4. Missie

Om gebalanseerde jong vroue te lewer en te ontwikkel deur:

- i) Leerders se persoonlike standaarde en prestasies te ontwikkel en hulle vordering deurlopend te meet en te kommunikeer;
- ii) Voortdurend 'n gesonde ewewig tussen akademie, persoonlike ontwikkeling, kultuur en sport te ontwikkel en te verbeter in 'n leeromgewing wat op gehalte en uitmuntendheid gegrond is;
- iii) Die bydraes van opvoeders, leerders, ouers en die gemeenskap aan te moedig en te vergroot;
- iv) Trots en passie onder leerders te vestig teenoor die skool se geskiedenis, tradisie en kultuur; en
- v) Die diversiteit van die streek en die land in die geheel te weerspieël.

5. Strategiese doelstelling

HMS La Rochelle is een van die oudste meisieskole in die land en trots op ons tradisie, maar besef dit is gebiedend noodsaaklik om betyds by die uitdagings van die toekoms aan te pas en aan die voorpunt van opvoedkundige ontwikkelinge te bly. Die sleutel tot La Rochelle se sukses is die klem wat op individuele kontak en op die blootstelling van leerders aan 'n wye reeks opvoedkundige geleenthede geplaas word in 'n bemagtigende en koesterende omgewing.

Die multikulturele diversiteit in die skool bevorder 'n goed gebalanseerde en ryk lewenservaring wat leerders op die lewensrealiteite voorberei en hulle help om hulle eie horison optimaal te ontwikkel en te verbreed. Die gebalanseerde benadering ten opsigte van akademie, sport en kultuur bou karakter en verseker multidimensionele persoonlike ontwikkeling en groei.

HMS La Rochelle verbind tot 'n opvoedkundige ervaring van goeie gehalte wat leerders in staat stel om enige loopbaan van hulle keuse in 'n voortdurend globaliserende omgewing te volg. Gegewe die huidige skool- en koshuisterrein, en die beperking op verdere sport-infrastruktuurontwikkeling, word die huidige getal leerders (± 580) beskou as die meeste wat die skool kan akkommodeer sonder om aan die genoemde leerdoelwitte afbreuk te doen.

- i) Integrity
- ii) Honesty
- iii) Balance (between academics, sport, culture)
- iv) Innovativeness
- v) Dynamics
- vi) Embracing Diversity
- vii) Discipline

4. Mission

To deliver and develop balanced young ladies through:

- i) The development of personal standards and achievements of learners and to measure and communicate their progress continuously;
- ii) Continuous enhancement and development of a sound balance between academics, personal development, culture and sport within a learning environment based on quality and excellence;
- iii) Encouragement and enhancement of the contributions of educators, learners, parents and the community;
- iv) Ensuring pride and passion amongst learners relating to the history, tradition and culture of the school; and
- v) Mirroring the diversity of the region and country as a whole.

5. Strategic Intent

As one of the oldest girls' schools in the country, La Rochelle Girls' High School is proud of its tradition, but realizes the vital necessity to timeously adapt to the challenges of the future and to be at the forefront of educational developments. The key to La Rochelle's success is the emphasis placed on individual contact and exposing learners to a wide range of educational opportunities in an enabling and fostering environment.

The school's multi-cultural diversity promotes a well balanced and rich life experience which prepares the learner for the realities of life and to optimally develop and stretch her own horizons. The balanced approach between academics, sport and culture builds character and ensures multi-dimensional personal development and growth.

La Rochelle Girls' High School is committed to a quality educational experience that allows a learner to follow any career of her choice in an ever globalizing environment. Given the current school and hostel premises, and a limit to further infrastructural sporting development, the current number of learners (± 580) is regarded as a maximum that could be accommodated without detracting from the stated learning imperatives.

Dit is dus essensieel dat die skool fokus op vertikale groei, wat met gehalte eerder as getalle verband hou. Doelgerigte optrede word vereis om te verseker dat graad 8's met die hoogste potensiaal (± 115) jaarliks gelok word.

Alle aktiwiteite en optrede is daarop gefokus om die volgende leerderprofiel aan die einde van die graad 12-jaar te verseker:

- i) Gebalanseerd, maar tog gefokus en met 'n passie vir die lewe
- ii) Bemagtig en selfversekerd in die wete van eie vermoëns
- iii) Sosiaal vaardig en geslyp
- iv) Emosioneel volwasse
- v) Beskik oor leierskapvaardighede en selfkennis
- vi) Onafhanklik en vol selfvertroue

6. Fokusareas & ondersteuning

'n Duidelike ewewig tussen verskeie kern-fokusareas, met 'n aantal ondersteuningsdimensies, funksies, fasiliteite en infrastruktuur, is inherent aan die filosofie en rigting wat vir die skool aanvaar is. Die kern-fokusareas is:

Akademie
Sport
Kultuur
Persoonlike ontwikkeling

Die onderskeie ondersteuningsdimensies sluit in:

- i) Lewensvaardighede (Lewensoriëntering: lewensvaardighede)
- ii) Diversiteit en transformasie (ras, godsdiens en taal)
- iii) Gemeenskapsdiens ("Interact")
- iv) Mentorskap- en ondersteuningsprogramme (Portuurgroepleiding)
- v) Fiksheid (Lewensoriëntering: sport; buitemuurse program)
- vi) Sosiale vaardigheid (deurlopend)

Die onderskeie ondersteuningsfunksies en -fasiliteite sluit in:

- i) Personeel – onderrig- en steunpersoneel
- ii) Infrastruktuurvereistes geprojekteerd, met inbegrip van:
 - Nuwe binnenshuise sportfasiliteit (netbal/hokkie)
 - Atletiekbaan
 - Lugversorging (skool/koshuis)
 - Musiekouditorium en kunsamer
- iii) Finansies: Bedryfsbegroting en projekte
 - Duidelike begrotings, tydraamwerke en beheermaatreëls
 - Teikengroepe
 - Bedryfsbegroting
 - Ouers
 - Oudleerders
 - Donateurs

It is therefore vital that the school focus on vertical growth relating to quality rather than quantity. Specific actions are required to ensure that Grade 8s with the highest potential (± 115) are attracted annually.

All activities and actions are focussed to ensure a learner profile at the end of the grade 12 year as being:

- i) Balanced, yet focussed with a passion for life;
- ii) Empowered and confident in knowledge of own abilities;
- iii) Socially adept and skilled;
- iv) Emotionally mature;
- v) Leadership and knowledge of self;
- vi) Independent and self-assured.

6. Focus areas & support

A clear balance between various core focus areas, with a number of supporting dimensions, functions and facilities and infrastructure are inherent to the philosophy and direction adopted for the school. The core focus areas are:

Academics
Sport
Culture
Personal development

The various supporting dimensions include:

- i) Life skills (Life Orientation: Life Skills)
- ii) Diversity & Transformation (Race, religion & language)
- iii) Community service (Interact)
- iv) Mentorship & Support Programmes (Peer Coaching)
- v) Fitness (Life Orientation: Sport; Extra-curricular programme)
- vi) Social adeptness (Continuous)

The various supporting functions & facilities include:

- i) Personnel – Teaching and support staff
- ii) Infrastructure requirements projected including:
 - New Indoor sport facility (netball/hockey)
 - Athletics track
 - Air-conditioning (school/hostel)
 - Music auditorium & Art room
- iii) Finances: Operational & projects
 - Clear budgets, timelines & controls
 - Target groups
 - Operational
 - Parents
 - Ex learners
 - Donors

- Projekte
 - Ouers
 - Oudleerders
 - Regering
 - Sake-ondernemings: plaaslik en elders
 - Donateurs

7. Befondsingsbeginsels

Die onderstaande beginsels bepaal die benadering tot begrotingsparameters en die wyse waarop werksaamhede bestuur word:

- i) Alle **huidige** hulpbronne en kapasiteit wat nodig is om kern- bedryfsaktiwiteite (byvoorbeeld die instandhouding van bestaande infrastruktuur en toerusting) te verskaf en te onderhou, word deur middel van die normale jaarlikse skool- en akademiese bedryfsbegroting befonds en ondersteun.
- ii) Alle **nuwe** infrastruktuur en bykomende toerusting moet op 'n ad hoc-basis befonds word namate toegang tot hulpbronne vir spesifieke projekte of items ontsluit word. Die deurlopende instandhoudings-behoeftes en uiteindelijke vervanging van sodanige item(s) sal dan deur middel van die normale jaarlikse bedryfsbegroting gehanteer word.

Hoewel die skool die alleenbegunstigde van twee trusts is, en 'n medebegunstigde van 'n derde trust, is die finansiële bydraes wat uit hierdie bronne voortspruit nie voldoende of beduidend genoeg nie ten einde:

- skool- en koshuisfooie wesenlik te verminder; of
- toekomstige stygings in fooie weens die ontwikkeling van nuwe infrastruktuur en toerustingbehoeftes te voorkom.

Om die waarheid te sê, die basiese behoeftes en vereistes oorskry in baie gevalle die beskikbare hulpbronne, en 'n agterstand in verskeie prioriteitsprogramme en -projekte is aan die opbou.

Daarbenewens bly dit 'n uitdaging om ouers met onvoldoende middele te ondersteun en te verseker dat finansiële laste regverdig verdeel word.

In sodanige omgewing is dit vir die skool van deurslaggewende belang om proaktief 'n nuwe posisie in te neem ten einde op akademiese, sport- en kultuurgebied op die voorpunt te bly. Dus, vir Hoër Meisieskool La Rochelle om haar profiel as 'n gesogte meisieskool van voorkeur wil versterk, benodig ons bykomende hulpbronne om nie slegs ons bestaande reputasie te handhaaf nie, maar ook nuwe inisiatiewe te versnel om die hulpbronne te ontsluit wat vereis word om die skool se pad na uitmuntendheid in die toekoms uit te bou.

- Projects
 - Parents
 - Ex-Learners
 - Government
 - Businesses: Local & further afield
 - Donors

7. Funding principles

The following principles guide the approach towards budgeting parameters and the manner in which operations are managed:

- i) All **current** resources and capacity required to provide and sustain core operational activities, including maintenance of existing infrastructure and equipment, are funded and supported via the normal annual school and academic operational budgets.
- ii) All **new** infrastructure and additional equipment need to be funded on a project to project basis as resources for specific projects or items are successfully accessed. The on-going maintenance needs, and ultimate replacement of such item(s), are then dealt with via the normal annual operational budget.

Whilst the school is the sole beneficiary of 2 trusts, and a co-beneficiary of a 3rd trust, the financial contributions flowing from these sources are not sufficient or significant enough to:

- Reduce school and hostel fees materially; or
- To prevent future increases of fees due to new infrastructure development and equipment requirements.

In fact, the basic needs and requirements in many cases exceed the available resources and a backlog on various priority programmes and projects is steadily developing

In addition, it remains a challenge to support less resourced parents and to ensure that financial burdens are shared fairly.

In such an environment it is critical for the school to re-position itself in a pro-active manner to maintain and enhance its academic, sport and cultural cutting edge. Therefore, for La Rochelle Girls' High School to enhance its profile as a desired girls' school of choice, it requires additional resources not only to maintain its existing track record, but to step-up new initiatives to unlock the resources required to enhance its path to future excellence.

8. Doelwitte, Strategiese Inisiatiewe en Vorderingsaanwysers

Hierdie oogmerke en strategiese inisiatiewe is ontwikkel in ooreenstemming met die “Nege Areas vir Heelskool-evaluering” van die WKOD Direkoraat: Gehalteversekering. Dit is:

1. Basiese Funkisionaliteit van die Skool
2. Leierskap, Bestuur en Kommunikasie
3. Beheer en Verhoudings
4. Gehalte van Onderrig en Leer en Opvoederontwikkeling
5. Kurrikulumvoorsiening en Hulpbronne
6. Leerderprestasie
7. Veiligheid, Sekuriteit en Dissipline in die Skool
8. Skoolinfrastruktuur
9. Ouers en Gemeenskap

Belyning met hierdie nege fokusareas en **vorderingsaanwysers** word vir elk van die oogmerke en inisiatiewe in die lys hieronder aangedui.

8.1 DOELWIT I: Versterk en verbeter hoë verwagtings en sukseskultuur ten opsigte van:

- Akademiese prestasies en uitmuntendheid
- 'n Wye en unieke vakkeuse en buigsaamheid ten opsigte daarvan
- Toegang tot die jongste tegnologie en leermateriaal
- Die opvoedersprofiel en leierskap deur middel van diepte in personeel
- 'n Interkulturele leerderprofiel
- Die gebruik van tegnologiegebaseerde individuele leer
- Die ontwikkeling van 'n leergemeenskap deur skakeling tussen huis en skool
- Identifisering en aanpassing van materiaal en vakke om vir globale loopbane te voorsien
- Innoverende en bekwame onderrig-personeel

Uitkomstevorderingsaanwysers:

- Handhaaf 100% matrikulasiesyfer
- 70% klasgemiddeld
- 60% graad 12-inskrywing vir Wiskunde en 50% Fisiese Wetenskappe
- 100%-inskrywing vir B-Graad toelating
- Multikulturele studenteprofiel
- Lok jaarliks die 115 “beste” graad 8's
- Handhaaf hoë persentasie leerders wat in ander grade behou word
- Werk toelatingsbeleid by
- Hoë persentasie inskrywings as studente by HOO-instellings
- Verbreed vakkeuse en verhoog buigsaamheid ten opsigte daarvan proaktief

8. Objectives, Strategic Initiatives and Progress indicators

These objectives and strategic initiatives have been developed in accordance with the “Whole School Evaluation Nine Focus Areas” of the WCED Directorate: Quality Assurance. These are:

1. Basic Functionality of School
2. Leadership, Management and Communication
3. Governance and Relationships
4. Quality of Teaching and Learning and Educator Development
5. Curriculum Provision and Resources
6. Learner Achievement
7. School Safety, Security and Discipline
8. School Infrastructure
9. Parents and Community

Alignment with these 9 focus areas and **progress indicators** are indicated for each of the objectives and initiatives listed below.

8.1 OBJECTIVE I: Enhance and improve high expectations and success culture with regard to:

- Academic achievements and excellence
- Wide and unique range and flexibility of subjects
- Access to latest technology and learning material
- Teacher profile and leadership through depth in staff
- Intercultural student profile
- Use of technology based individual learning
- Development of a learning community by linking home & school
- Identifying and adapting material and subjects to cater for global careers
- Innovative and competent teaching staff

Outcome/Progress indicators:

- Maintain 100% matriculation rate
- 70% class average
- 60% Grade 12 enrolment in Mathematics and 50% Science
- 100 % enrolment in B Degree exemption
- Multi-cultural student profile
- Attract the “best” 115 grade 8s annually
- Maintain retention rate through other grades
- Updated admission policy
- High percentage student enrolment at HET institutions
- Enhance range and flexibility of subjects pro-actively

- Moniteer verantwoordbaarheid en prestasie van opvoeders en steunpersoneel

Hierdie doelwit is belyn met fokusarea 4, 5 en 6 van die WKOD.

8.2 DOELWIT II: Verseker basiese funksionaliteit van die skool en kommunikasie met alle interne en eksterne belanghebbendes:

- 'n duidelike bemarkings- en kommunikasie-strategie om toekomstige leerders te lok (fokus op toekomstige ouers en leerders)
- 'n doeltreffende kommunikasie-strategie om te verseker dat huidige leerders en ouers ingelig bly
- 'n doeltreffende kommunikasie-strategie om oudleerders (via Oudleerlingbond) te betrek
- doeltreffende gebruik van moderne kommunikasiemiddele

Uitkomst/Vorderingsaanwysers:

- graad 8-profiel in ooreenstemming met kriteria
- bygewerkte toelatingsbeleid
- aktiewe en ingeligte ouers wat aan skoolaktiwiteite deelneem
- aktiewe en ondersteunende Oudleerlingbond
- e-pos/elektroniese kommunikasiestelsel in werking

Hierdie doelwit is belyn met fokusarea 1, 2, 3 en 9 van die WKOD.

8.3 DOELWIT III: Bevorder buitemuurse sosiale en persoonlike dimensies (sport en kultuur):

- balans tussen akademie en sosiale en persoonlike ontwikkelingsaktiwiteite
- leerders wat goed geslyp is in lewensvaardighede
- leerders wat fisiek en geestelik fiks is
- leerders wat sosiaal vaardig is

Uitkomst/Vorderingsaanwysers:

- mentorskap- en steunprogramme in werking
- 100%-deelname aan sport- en/of kultuuraktiwiteite (ten minste een sport- of kultuuraktiwiteit per leerder) per kwartaal
- deurlopende en ewewigtige erkenning aan kultuur- of ander aktiwiteite (m.a.w. erkenning aan nie-akademiese en nie-sportaktiwiteite)

Hierdie doelwit is belyn met fokusarea 5 en 6 van die WKOD.

- Accountability and performance monitoring of teachers and support staff

This objective is aligned with Focus Areas 4, 5 and 6 of the WCED.

8.2 OBJECTIVE II: Basic functionality of the school and communication with all internal and external stakeholders:

- A clear marketing and communication strategy to attract future learners (focus on future parents & students)
- An effective communication strategy to ensure informed current learners & parents
- An effective communication strategy to involve ex-learners (via Past Pupils' Union)
- Effective use of modern communication tools

Outcome/Progress indicators:

- Grade 8 profile in line with criteria
- Updated Admission Policy
- Active and informed parents participating in school activities
- Active and supporting Past Pupils' Union
- E-mail/Electronic communication system in place

This objective is aligned with Focus Areas 1, 2, 3 and 9 of the WCED

8.3 OBJECTIVE III: Enhance extra-curricular social and personal dimensions (sport & cultural):

- Balance between academics, social and personal development activities
- Learners well versed in life skills
- Physical and mentally fit learners
- Socially adept learners

Outcome/Progress indicators:

- Mentorship & support programmes in place
- 100% participation in sporting and/or culture activities (at least 1 sport or culture activity per learner) per term
- Continued and balanced acknowledgment of cultural/other activities (ie. recognition of non-academic/sport activities)

This objective is aligned with Focus Areas 5 and 6 of the WCED

- 8.4 DOELWIT IV:** Verbeter fasiliteite en infrastruktuur en brei dit uit:
- hou akademiese fasiliteite, infrastruktuur en toerusting in stand en brei dit uit
 - verbeter sportfasiliteite en -toerusting, en brei dit uit
 - ontwikkel infrastruktuur vir musiek en kuns
 - verskaf toegang tot die jongste tegnologie en toerusting in alle klaskamers

Uitkomst/Vorderingsaanwysers:

- gerieflike toegang tot die jongste tegnologie en leermateriaal
- instandhoudingsprogramme vir huidige infrastruktuur (geboue en toerusting) in ooreenstemming met algemeen aanvaarde praktyk
- nuwe infrastruktuur daargestel met behulp van strategiese optrede/projekte wat vir hierdie doel ontwikkel is (sien aksielys)

Hierdie doelwit is belyn met fokusarea 4 en 8 van die WKOD.

- 8.5 DOELWIT V:** Handhaaf gesonde beheer en bestuur:

- duidelike begrotingsproses, tydraamwerke en beheermaatreëls
- deursigtige begrotingsvoorleggings
- duidelike raamwerk vir skuldinvordering
- toereikende finansiële bestuurstelsels en beheermaatreëls
- duidelike beleide en prosedures om doeltreffende bestuur te verseker
- geskikte beleide en regulasies om veiligheid en sekuriteit te verhoog
- sakeplanne en begrotings op 'n ad hoc-basis
- duidelike fondsinsamelingstrategie
- bygewerkte en duidelike toelatingsbeleid

Uitkomst/Vorderingsaanwysers:

- begroting vir bedryfsuitgawes (akademie, koshuis en instandhouding) sowel as kapitaaluitgawes uitgewerk
- beheermaatreëls en volmagte vir uitgawes daargestel
- onafhanklike ouditkomitee aangestel
- ongekwalifiseerde ouditverslag elke jaar
- jaarlikse begrotings deur ouers goedgekeur
- volledige voldoening aan bepalings vervat in die Skolewet (Wet 84 van 1996)
- minder slegte skuld
- gereelde veiligheids en sekuriteits-oefeninge en –kontroles

Hierdie doelwit is belyn met fokusarea 1, 2, 3 en 7 van die WKOD.

- 8.4 OBJECTIVE IV:** Enhance and expand facilities and infrastructure:

- Maintenance and expansion of academic facilities, infrastructure and equipment
- Enhance and expand sporting facilities and equipment
- Develop music & art infrastructure
- Access to latest technology and equipment from all classrooms

Outcome/Progress indicators:

- Convenient access to latest technology and learning material
- Maintenance programmes of current infrastructure (buildings & equipment) aligned with generally accepted practices
- New infrastructure realized via strategic actions/projects developed for this purpose (see action list)

This objective is aligned with Focus Areas 4 and 8 of the WCED

- 8.5 OBJECTIVE V:** Sound management and governance:

- Clear budgeting process, timelines and controls
- Transparent budget presentations
- Clear debt collection framework
- Competent financial management systems and controls
- Clear policies and procedures to ensure efficient management
- Appropriate policies and regulations to enhance safety and security
- Business plans and budgets on a project-project basis
- Clear fund raising strategy in place
- Updated and clear admittance policy

Outcome/Progress indicators:

- Operational (academic, hostel and maintenance) & Capex budgets in place
- Expense mandates & controls in place
- Independent audit committee in place
- Clear audit report on an annual basis
- Annual budgets approved by parents
- Full compliance with provisions as contained in the School Act (Act 84 of 1996)
- Decreased bad debt
- Regular Safety and Security drills and checks

This objective is aligned with Focus Areas 1, 2, 3 and 7 of the WCED